

Donderdag 21 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16
– 5:10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs
5:19

Het die kerk vandag nog 'n ware en ontwyfelbare Christelike geloof?

Hier vind ons 'n beskrywing van Paulus en die ander dissipels se geloof en oortuigings. Wanneer hy met soveel oortuiging en vrymoedigheid oor hulle ontwyfelbare en vaste geloof praat, bring dit in ons die woorde van Hebreërs 11:1 na vore. “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.” Dit is vanuit hierdie oortuiging van geloof waarmee Paulus geleef, gepreek en bestaan het. Daarom is hy altyd vol moed en leef hy vanuit sy geloof en die sekerheid wat dit inhou.

Maar wat is geloof sonder kennis van wat Christus vir my en jou gedoen en bewerk het? Die versoening wat Jesus aan die kruis deur sy dood en opstanding uit die dood by God bewerk het, is die inhoud van ons geloof. Dit is hierdie sekerheid wat vir ons doel gee tot bestaan en rede gee tot lofprijsing. Ons is deur Christus se versoening nuwe mense wat lewe deur die Gees en die geloof wat in ons leef.

Die wêreld waarin ons leef en vasgevang is tot die dood, is tydelik en van geen waarde nie. Ons hoop en sekerheid moet gevestig wees op die hemelse en die ewige en daarom kon Paulus met alle oortuiging dit ook so aan die lesers verkondig. Daarom ook sy oproep aan ons in vers 20 om die versoening wat Christus bewerk het, aan te neem in geloof en dit uit te leef.

God sien ons nie meer in ons sonde aan nie, maar in die beeld van sy Seun. Ons het in en deur Christus die vryspraak ontvang waartoe ons nooit in staat kon wees nie. Die wêreld is versoen met God deur sy enige Seun en ons moet dit ook so aanneem en uitleef tot eer van sy Heilige Naam. Glo jy werklik in die versoeningswerk van Christus?

Sing: Skrifberyming 33:1, 3 (Swart Psalmboek)

Ds. HM (Herman) Stavast (Piet Retief)